

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA	DATUM	DATUM			+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE					
	2017/01/17	2017/01/16			2016/01/09		2016/12/19		2016/01/18					
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data				
DJIA-index	19886	-100.00	↓	-0.5%	19886	↓	-0.4%	19964	↑	0.2%	19843	↑	24.4%	15988
Goud (Spot)	1206.13	2.99	↑	0.2%	1203.14	↑	2.7%	1174.90	↑	5.9%	1139.05	↑	10.8%	1088.11
Brent \$/vat	55.73	0.08	↑	0.1%	55.65	↓	-2.0%	56.88	↑	0.3%	55.59	↑	92.2%	29.00
1 € / US\$	1.0638	0.005	↑	0.5%	1.0589	↑	1.1%	1.0525	↑	1.7%	1.0458	↓	-2.2%	1.0878
1 US\$ / ZAR	13.61	-0.030	↓	-0.2%	13.64	↓	-1.1%	13.76	↓	-2.9%	14.02	↓	-19.0%	16.80
Corn	R 1,918.15	-4	↓	-0.2%	R 1,922.38	↑								
Wheat	R 2,130.35	-5	↓	-0.2%	R 2,135.04	↓								
Soybeans	R 5,210.85	-11	↓	-0.2%	R 5,222.34	↑								
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)														
Corn Dec 17	358.00	0.00	↑	0.0%	358.00	↑	0%	358.00	↑	1%	356.00	↓	-10%	398.50
Wheat Dec 17	426.00	0.00	↑	0.0%	426.00	↑	1%	423.00	↑	4%	409.00	↓	-22%	543.75
Soybeans Nov 17	1042.00	0.00	↑	0.0%	1042.00	↑	6%	986.00	↑	1%	1036.00	↑	17%	889.00
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)														
SORGHUM Jul '17	3300.00	0.00	↑	0.0%	3300.00	↓	0.0%	3300.00	↑	0.0%	3300.00	↓	-7.0%	3550
WMAZ Spot	3470.00	-144.00	↓	-4.0%	3614.00	↓	-2.3%	3551.00	↓	-16.2%	4142.00	↓	-32.2%	5120
WMAZ Mar 17	3459.00	-100.00	↓	-2.8%	3559.00	↑	0.3%	3447.00	↓	-8.9%	3795.00	↓	-27.9%	4800
WMAZ Jul 17	2385.00	91.00	↑	4.0%	2294.00	↓	-2.3%	2441.00	↓	-16.3%	2850.00	↓	-36.9%	3780
YMAZ Spot	3222.00	-38.00	↓	-1.2%	3260.00	↓	-3.1%	3325.00	↓	-3.3%	3332.00	↓	-22.0%	4130
YMAZ Mar 17	3131.00	-28.00	↓	-0.9%	3159.00	↓	-2.9%	3226.00	↓	-3.5%	3244.00	↓	-20.6%	3945
YMAZ Jul 17	2391.00	30.00	↑	1.3%	2361.00	↓	-1.4%	2425.00	↓	-11.5%	2701.00	↓	-34.7%	3660
SOY Spot	6405.00	20.00	↑	0.3%	6385.00	↑	1.7%	6300.00	↓	-2.4%	6565.00	↓	-15.7%	7600
SOY May 17	6002.00	57.00	↑	1.0%	5945.00	↓	3.0%	5830.00	↓	-2.1%	6130.00	↓	-11.7%	6800
SUN Spot	5491.00	-9.00	↓	-0.2%	5500.00	↑	0.2%	5480.00	↓	-7.3%	5925.00	↓	-27.8%	7610
SUN May 17	5570.00	30.00	↑	0.5%	5540.00	↓	-1.2%	5639.00	↓	-7.2%	6000.00	↓	-24.0%	7326
WHEAT Spot	3959.00	4.00	↑	0.1%	3955.00	↑	0.0%	3958.00	↑	0.4%	3944.00	↓	-19.6%	4924
WHEAT May 17	4124.00	13.00	↑	0.3%	4111.00	↑	1.1%	4078.00	↓	-0.7%	4152.00	↓	-18.5%	5060
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE														
<p>Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend effens sterker as gister-middag 12:00, alhoewel dit gister deur die loop van die oggend effens stoom verloor het met die versterking van die dollar voor die Britse eerste minister Theresa May besonderhede verskaf van hoe Brittanje beplan om die verlatting van die EU te bewerkstellig. Die rand verhandel vanoggend teen R13.61/\$. Die Brent Ru olie prys is vanoggend 0.1% sterker as gister- middag met die nuus dat die wêreld se grootste olie uitvoerder, Saudi Arabië, hul olie uitset gesny het tot minder as 10 miljoen vate per dag wat gelykstaande is aan die teiken wat gestel is met die verlaging in olie produksie met die OPEL ooreenkoms. Die Brent ru olie verhandel vanoggend rondom \$55.73/vat.</p> <p>Mielies: Die Amerikaanse mark was gister gesluit as gevolg van 'n publieke vakansiedag in die VSA gister. Die mark het oornag sterker verhandel en daar word verwag dat die mark vandag sal reageer op die nuutste Suid Amerikaanse weervoorsigte. Oormaat reën wat in groot gedeeltes van die Argentynse produksiegebiede voorkom laat bekommernisse ontstaan van moontlike oesverliese en skade wat aan die jong plante aangerig word as gevolg van vloede. Indien die reën voortduur in Argentinië kan daar selfs verdere skade aan die plante aangerig word wat die produksie verder onder druk kan plaas. In die VSA het die USDA die Amerikaanse produksie en eindvoorraad met meer as die verwagte hoeveelhede aangepas. Elders in die wêreld het die mieliepryse ook 'n effense versterkende tendens getoon en ook hoofsaaklik as gevolg van die onsekerhede in Argentinië. In Brasilië is die verwagtinge dat die produksie goed behoort te wees as gevolg van gunstige omstandighede. Goeie produksie in Brasilië sal veroorsaak dat Brasilië groot hoeveelhede mielies sal moet uitvoer wat weer druk op die internasionale pryse kan plaas. Plaaslik: In die plaaslike mark het die mieliepryse gister weer gemeng verhandel vir beide wit- en geelmielies. Die nader maande het laer afgesluit terwyl die later maande sterker afgesluit het. Daar is sprake dat die kommandowurm uitbraak in van die Afrika lande meer druk op SA kan plaas vir uitvoere na daardie lande wat ondersteuning aan die mark bied vir die nuwe seisoen kontrakte. Die wit- en geelmielie spot prys het met 4% en 1.2% onderskeidelik laer gesluit teen R3 470/ton en R3 222/ton. Die WM Maart 2017 kontrak het die dag limiet afgesluit terwyl die YM Maart 2017 kontrak ook laer afgesluit het. Die Julie kontrak het vir beide wit- en geelmielies met 4% en 1.3% onderskeidelik hoër afgesluit.</p> <p>Sojabone: Die VSA sojaboonpryse het oornag sterker verhandel met die mark in die VSA wat gister gesluit was as gevolg van 'n publieke vakansiedag. Die VSA sojaboonpryse vind hoofsaaklik ondersteuning met nuus uit Argentinië dat ongunstige weer daar voortduur en oorstromings die Argentynse produksie negatief beïnvloed met aanplantings wat vertraag word asook die ontwikkeling van jong plante wat benadeel word met lande wat verspoel. Analiste in Argentinië skat die Argentynse oes vir die seisoen op ongeveer 50 miljoen ton wat 9% laer is as die aanvanklike skatting vir die Argentynse oes. Die USDA het die sojaboon produksie in Argentinië onveranderd gelaat op 57 miljoen ton wat sommige analiste glo is oor-optimisties. Die USDA het ook die Amerikaanse produksieskatting laer aangepas vir die seisoen vanaf die vorige skatting en die Amerikaanse eindvoorraad het effens gedaal. In Brasilië is die voorsigte vir die seisoen se sojaboon produksie gunstig en die verwagting is dat die Brasiliaanse sojaboon produktiwiteit vir die seisoen ongeveer 10.3% hoër kan wees as verlede jaar toe die gemiddelde opbrengs 2.8 ton per hektaar was. Die sojaboon produksie in Brasilië word op ongeveer 104 miljoen ton geskat wat tussen 8 – 9 miljoen ton meer is as verlede seisoen. Die Brasiliaanse sojaboon uitvoere word ook verwag om teen hoër vlakke te wees en dat dit die nuwe jaar teen 'n hoër noot sal afskop van tussen 1.5 – 2.0 miljoen ton. Plaaslik: Die plaaslike sojaboon mark het gister hoofsaaklik positief verhandel en het hoër afgesluit vir alle kontrak maande. Die rand het gister gedurende die verhandelings tydperk hoofsaaklik verswak, wat ondersteuning aan die Suid Afrikaanse sojaboonmark gebied het.</p> <p>Koring: Die VSA koringmark het oornag positief verhandel Daar is tans nie baie nuus in die koringmark nie en die mark het ondersteuning gevind by die sterker sojaboon en mielie mark. Die Amerikaanse koringprys vind ook ondersteuning deur die laer aanplantings in die VSA met die USDA se verslag van verlede week wat toon dat die Amerikaanse winterkoring aanplantings die minste aantal hektaare sedert 1999 bereik het. Die effense verswakking van die Amerikaanse dollar oornag het ook ondersteuning aan die kommoditeite gebied. Die wêreld koringproduksie is egter hoër aangepas met goeie produksies wat in baie van die koring producerende lande gesien word. Die USDA het dus die wêreld eindvoorraad vlakke hoër aangepas en daar is groot voorraadvlakke beskikbaar globaal. Dit plaas die internasionale koringpryse onder druk. Plaaslik: Die plaaslike koringmark het gister hoofsaaklik sywaarts tot effens sterker verhandel. Die verhandelings in die plaaslike mark vind teen 'n stadige tempo plaas met lae kontrak volumes wat gesien word. Die mees aktiewe kontrak op SAFEX wat Maart 2017 is, se verhandelingsvolume is minder as 500 kontrakte vir die dag. Die plaaslike koringpryse verhandel relatief stabiel teen die huidige vlakke wat strek van net onder die R4 000/ton tot en met net onder die R4 200/ton.</p>														
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za Opgestel deur: Michelle Mokone & Luan Van der Walt/ Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / Luan@grainsa.co.za</p>														